Vaalpark Gemeente
Vaalpark Congregation

Gebedsbulletin
No. 19 van 2019

12 Mei 2019

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Kom rus 'n bietjie

Kom rus 'n slag by die Here se stil waters. Moenie al jou laste alleen dra nie. Jou skouers is veels te smal hiervoor. Kom sit dit neer by die Heer. Jy hoef nie met slim woorde of baie probleme te kom nie. Kom soos wat jy is. Kom in die Naam van Jesus. Kom rus 'n bietjie. Kom woordloos. Kom sit net aan sy voete. Kyk op. Wees stil. Luister. Leer. Beleef. Laat die Here jou hart verander in 'n stoorkamer van sy liefde. Berg van nou af elke dag vars herinneringe in jou hart van God se ongelooflike goedheid in jou hart. Vul jou lewe met nuwe herinneringe aan elke gebedsverhoring, elke Goddelike ingrype, elke roering van die Gees. Laat God jou vreugde wees, nooit jou geld, jou goed, jou prestasies nie. Hierdie dinge gaan in elk geval nie vir altyd hou nie. Saai jou lewe in die hemelse landerye, dan oes jy ewige vreugde by God. Word 'n pelgrim wat rus, nie net reis nie. Wees iemand wat stil word by die Here. En wat elke dag nuwe krag kry by Hom. Dan leef jy regtig.

deur Stephan Joubert

Johannes 3:16

"Want so *LIEF* het *GOD* die wereld gehad, dat *HY SY eniggebore SEUN* gegee het, sodat *elkeen* wat *in HOM glo*, nie *verlore* mag gaan nie, maar die *ewige lewe* kan hê."

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- Bid asb vir Janine Vorster – elke gebed is bitter nodig
- Bid asb vir gebroke huwelike; verslawings & depressielyers
- Bid asb vir Eskom & sy werkers in die moeilike tye
- Bid asb vir eenheid & herlewing in ons dorp & land
- Bid asb vir al die verslaafdes vir volle genesing
- Bid vir Lottie Conradie – sy het MS en kry baie swaar
- Bid asb vir Marié Deysel – sy het kanker
- Bid asb vir Maria Steyn vir volle genesing
- Bid asb vir Anet Beckman – sy het kanker
- Bid asb vir Oom Sampie Swart – hy is baie siek
- Bid asb vir Isak & Anna Mofokeng – beide is ernstig siek
- Bid asb vir Hennie van Aswegen dat voet ten volle herstel
- Bid asb vir Ria Putter vir volle genesing
- Bid asb vir Gert & Magriet du Plooy-albei is ernstig siek
- Bid asb Dewald Barckhuiizen-het rugoperasie gehad
- Bid asb vir Judy Roux – vir spoedige herstel na beroerte

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***..

- Ons is lief vir U!

Ons HERE het ...

Vir *eens* en *altyd*
Vir *een* en *almal*
Het *een* vir *elkeen*
opgestaan

Die *Kruis* was 'n *kolskoot*
Die *ou* mens is *morsdood*
Kyk *alles* het *verby*
gegaan
Die *nuwe* mens het
opgestaan

Onthou om te onthou . . .

Datum	"Topic"	Plek
VP Congregation English Service @ 11:00 every Sunday		
25 Mei 2019	Vleisfees	VP Kerk

Gedagte vir die week

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.